# Help so skole en leerders

CHRISTINE GERBER
**Bibliotekaris, Worcester Biblioteek**

Aangesien skoolbiblioteke letterlik nie meer bestaan nie, is Worcester Biblioteek baie gefokus op die behoeftes van leerders uit die omgewing.

In Worcester alleen word ongeveer sewe hoërskole en 14 laerskole aangetref. Aangesien Worcester Biblioteek die grootste biblioteek in die Breede Vallei Munisipaliteit is, word naslaan-inligting ook aan Touwsrivier, De Doorns, Rawsonville en die ander biblioteke op Worcester verskaf.

'n Spesifieke prosedure word gevolg om inligting te versamel, te berg en beskikbaar te stel aan leerders en onderwysers:

- rakke is ingerig vir laer- en hoërskole
- alle skole se name is daarop gemerk
- 'n lêer word gehou vir laer- en hoërskole, alfabeties gelys volgens skole se name
- die pamfletversameling is 'n baie groot hulpmiddel
- indien die opdrag/taak nie gereël is nie, word 'n briefie teruggestuur na die onderwyser
- voldoende fotostaatfasiliteite, met muntbusse vir selfhelp
- indien opdrag wel telefonies/mondeling of per faks gereël word, word materiaal verkieslik in afgerolde vorm by die skool se naam geplaas - bronne word op dié manier beskerm
- skooltake oorvleuel dikwels en kruisverwysings word dan by take aangebring.

Die ideale situasie in verband met die hantering van die nuwe kurrikulum is as volg:

- onderwysers moet die riglyne volg om biblioteekpersoneel vooraf oor opdragte in te lig
- vir Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) is die ideaal dat die onderwyser die openbare biblioteek moet skakel in verband met inligting wat benodig word, bibliotekarisse wat inligtingswerkers is, versamel die inligting en onderwysers kontroleer of dit op die regte vlak is
- die onderwyser neem dan die bronne op 'n blok-uitreiking of fotostate na die klas sodat leerders se aktiwiteite ge-evalueer kan word. (Hierdie prosedure word reeds met groot sukses deur pre-primêre klasse en graad een tot drie onderwysers gevolg.)
- ouers moet meer betrokke raak en die proses probeer verstaan
- genoeg personeel is nodig om die inligting te versamel/verwerk
- inligtingsgeletterdheid moet meer aandag in skole geniet sodat leerders sal weet hoe om in 'n biblioteek op te tree, waar om inligting te soek, die hantering van bronne en die verwerking van inligting.

Vanjaar het die biblioteek betrokke geraak by die Gemeenskaplike Taak vir Assessering (GTA) vir graad nege leerders. Hierdie projek is geloods deur die Wes-Kaapse Onderwys Departement (WKOD) en baie skole was daarby betrokke. Een huishoudkunde-projek was 'n groot uitdaging vir biblioteekpersoneel se naslaanvaardighede. Die opdrag was dat leerders die verskillende koskulture van Suid-Afrika moet bestudeer en dan bepaal watter graansoorte as stapelvoedsel gebruik word deur die onderskeie kulture; asook spesifieke geregte wat met dié graansoorte voorberei word.

Die volgende bronne kan gerus vir dié opdrag aangewend word (Die betrokke onderwysers was baie beïndruk met die inligting.) :

Abrahams, C. **Die kos en kultuur van die Kaapse Maleiers**. Q 641.5968 ABR

**Studieprojekte II. Deel II, Sosiale wetenskap - omgewingsleer, aardrykskunde**. JR 372.891 STU

Coetzee, R. **Funa food from Africa**. Q 641.596 COE

Edwards, P. **Easy cooking**. Q 641.5968 EDW

Kemp, C. **Kom ons eet boerekos**. 641.5968 KEM

Mostert, J. **Ons kookerfenis**. 641.5968 MOS

**Peoples of Africa**. TQ 572.96 PEO

Rood, B. **Betsie Rood's 101 traditional South African recipes**. 641.5968 ROO

Snyman, L. **Rainbow cuisine**. Q 641.5968 SNY

Steyn, EAG. **Van koringland tot brood**. J 664.7523 STE

**The World atlas of food**. Q 641.5 WOR.

'n Ander tameletjie waaroor jaarliks kopgekrap word, is 'n opdrag van ons plaaslike kunsskool in verband met wat tekstiel is en die verskillende tegnieke wat deur die eeue gebruik is. Die volgende bronne kan met vrug vir so 'n projek aangewend word:

Albers, A. **On weaving**. Q 746.14 ALB

## KOPKRAPPERS

*Kopkrappers voorsien die antwoorde op algemene vrae waarvoor bibliotekarisse daagliks te staan kom. Verkry en beantwoord die navrae hiervandaan*

Crosher, J. **Technology in the time of ancient Egypt**. J 609.3 CRO

**Microsoft Encarta encyclopedia 2000** (CD-ROM) - Clothing.

Hecht, A. **The art of the loom**. Q 746.1 HEC

**The New book of knowledge v. 20**. JR 031 NEW

O'Reilly, S. **Textiles**. J 677 ORE

Snedden, R. **Technology in the time of ancient Rome**. J 609.3 SNE

Steele, P. **Clothes & crafts in Roman times**. J 937 STE

Steele, P. **Inca world**. J 985.01 STE

**World Book v. 21**. R 031 WOR

'n Ander onderwerp waaroor baie inligting benodig word is, byvoorbeeld, VIGS. Die biblioteek beskik oor 'n wye verskeidenheid inligting in verband met VIGS - oorsake, behandeling, voorkoming en watter impak die siektetoestand op die samelewing het. Die volgende bron is verkrygbaar van die Departement van Gesondheid en beskik werklik oor baie nuttige inligting vir skoolprojekte, maar ook vir ouers wat hul kinders op 'n gebalanseerde wyse wil inlig:

**Ubungani: 'n Gids vir ouers oor lewensvaardighede, seksualiteit en MIV/VIGS opvoeding**.

Inligting in verband met die vlag, blom, voël, premier, kaart en embleem van die onderskeie provinsies in Suid-Afrika word ook gereeld hanteer. Dit is dus baie belangrik dat die naamsveranderings van provinsies, dorpe en premiers gereeld gekontroleer moet word.

'n Goeie verskeidenheid inligting in verband met, byvoorbeeld, verkragting, aborsie, selfmoord en kinderregte kom ook goed te pas vir debatte en mondeling onderwerpe.

Indien meer inligting benodig word in verband met onderwerpe, kan Worcester Biblioteek gerus gekontak word by ‹library@breedevallei.gov.za›.

Voorspoed met al die interessante naslaanvrae en kopkrappers in 2003!